

Woensdag 7 Augustus

Skrifgedeelte: Filippense 2:12-18

**Fokusgedeelte: Filippense 2:13
(1953- vertaling)**

Die wil om te werk tot die heiligheid, deur God bewerk

Die mens se optrede is nie altyd verklarend van hulle hart nie. Soms gebeur dit dat mense skynbare goeie dinge doen, maar dit geskied vanuit 'n onreine motief. Hulle werk baie hard, maar alleen wanneer die baas oor hulle skouer loer (Rom. 13:5).

Werksetiek lê op 'n dieper vlak. Ongeag of iemand kyk, of wat die loon mag wees, iemand met 'n etiese dryfveer se daede sal daarvan getuig.

Dit is wat in die hart van wedergeboorte lê; die Here bewerk dit so dat die mens ten spyte van homself gedrewe is om goeie werke na vore te kan bring. Dit is iets wat God alleen tot stand kan bring. 'n Gehoorsame hart is 'n gawe van die Here. Wanneer die mens tot die besef kom van die verlossing in Jesus Christus, ontvang hulle die nodige krag deur die Gees om gehoorsaamheid na te streef.

Daarom lees ons hier: Julle kan gehoorsaam wees, want die Here het dit so bewerk dat dit moontlik is, maar ook dat julle dit sal wil doen.

Die Here is die oorspring van ons gehoorsaamheid aan Hom, maar in bewustheid van ons saligheid roep Hy ons op om ook in die algehele lewe hierdie selfde wil te openbaar. Dat gelowiges in die normale gang van hulle lewens werklike ligdraers sal wees van dit wat Hy ons gemaak het. Die Here roep ons om te midde van 'n sondige gebroke wêreld "anders" te wees, sodat dit wat Hy in ons bewerk het, vir ander so duidelik mag skyn dat ons Hom daarin sal verheerlik.

Sing: Psalm 119-1: 11, 12

Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)